

Voedsel vir die hondjie en ore vir die dowes

'n Griekse vrou uit Siro-Fenicië het van Jesus gehoor en Hom gesmeek om 'n demoon uit haar dogtertjie te verdryf. As Jesus haar antwoord, sê Hy nie dat die hondjies (die heidene) geen kos mag kry nie. Dit is net nog nie tyd vir hulle nie. Eers kry die kinders van die huis van Israel geleentheid om hulle te verlustig in die maaltyd wat Jesus voorsit. Hierin gee die vrou Hom gelyk met haar antwoord, maar sy maak dit ook duidelik dat die hondjies tog daarby mag baat as die kinders slordig omgaan met hulle kos. Die feit dat Jesus Hom in daardie gebied bevind, sê immers dat Israel Hom en sy onderrig nie waardeer nie, en dit is tot voordeel van die heidene.

Slordige omgang met sy onderrig is ook ter sprake in die genesing van die doofstom man.

Wat opval in Jesus se genesing van die man is veral die tekens tydens die genesing. Jesus sug voordat Hy die man genees en verbied hom om oor die genesing te praat. Die tekens (sy vingers in die man se ore en spuug aan sy tong) is daar om die dowe se aandag op Hom te vestig. Die "sug" dui op die feit dat Jesus nog steeds worstel met die doofheid van sy volk. Wat help gehoor as hulle nie na Hom wil luister nie? Die verbod om oor die genesing te gaan praat, sê aan die skare dat hulle met te min tevrede is. Herskepping (vgl "Hy het alles goed gedoen" met Genesis 1:31) is nie as 'n dowe kan praat nie. Dis wanneer mense se innerlike oopgaan vir die Here. Die opdrag: "Effata!", is 'n daad wat God alleen kan sodat die mens reg kan hoor en kan praat.

Jou "effata" was met jou wedergeboorte. Hoor en praat jy reg oor sy herskeppingswerk in jou, of mors jy dalk met sy onderrig deur nie daarop ag te gee nie?

Sing: Psalm 34:6,8

Ds BC Smit (Brits-Wes)